LAERSKOOL
MIDSTREAM COLLEGE
PRIMARY
Tel: (012) 661-0590
Ashfordstraat 1 Ashford Street
8 Midstream Estate, 1692
**Mnr / Mr Wouter Rothmann**

LAERSKOOL
MIDSTREAM RIDGE
PRIMARY
Tel: (012) 940-9122
Ridgewaylaan 1 Ridgeway Avenue
8 Midstream Estate, 1692
**Mnr / Mr Nico Loggenberg**

# BEPALINGS EN VOORWAARDES

**MS001A**

Hartlik welkom by die sfeer van uitmuntendheid wat ons nastreef hier by ***Laerskool Midstream College Primary/Laerskool Midstream Ridge Primary***. U word versoek om kennis te neem van die volgende:

Hierdie dokument moet asseblief deur beide ouers of wettige voogde onderteken word, waarmee u dan die ***Bepalings en Voorwaardes van Laerskool Midstream College Primary/Laerskool Midstream Ridge Primary*** aanvaar.

Ondertekening van hierdie dokument veronderstel dat ouer(s) of voog(de) bewus is en instem tot die volgende:

1. Afrikaans en Engels is die twee amptelike onderrigtale te ***Laerskool Midstream College Primary/Laerskool Midstream Ridge Primary*** en die aansoek vir toelating hiermee ingedien is:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Vir die **Engelse** been: Alle vakke (met uitsondering van taal-spesifieke vakke) word in Engels aangebied. Graad 4 – 7 leerders moet aan die volgende promosie-vereistes voldoen. | | Vir die **Afrikaanse** been: Alle vakke (met uitsondering van taal-spesifieke vakke) word in Afrikaans aangebied. Graad 4 – 7 leerders moet aan die volgende promosie-vereistes voldoen. | |
| Huistaal (English) | minimum 50% | Huistaal (Afrikaans) | minimum 50% |
| Eerste Addisionale taal (Afrikaans) | minimum 40% | Eerste Addisionele taal (Engels) | minimum 40% |
| Wiskunde | minimum 40% | Wiskunde | minimum 40% |
| Twee inhoudsvakke | minimum 40% | Twee inhoudsvakke | minimum 40% |
| Een inhoudsvak | minimum 35% | Een inhoudsvak | minimum 35% |

2. Die skool handhaaf ‘n Christelike etos. Elke skooldag asook saalbyeenkomste word ge-open met skriflesing en gebed.
3. Leerders met fisieke of geestelike gestremdhede sal ook oorweeg word nadat ‘n volledige evaluasie gedoen is van die leerder, waartydens ***Laerskool Midstream College Primary/Laerskool Midstream Ridge Primary*** se fasiliteite in ag geneem sal word. Daar word van die ouer(s) of voog(de) verwag om die skool van alle inligting te voorsien rakende die betrokke leerder se gestremdhede, gesondheidstoestande en leergeremdhede. Genoemde inligting en verslae (indien beskikbaar) moet saam met die Aansoek om Toelating ingedien word. Indien u kind deur ‘n dokter, sielkundige, arbeidsterapeut of spraakterapeut vir ‘n Opvoedkundige Evaluering verwys word gedurende die bywoning van die skool, word u versoek om die aanbevelings met die skool te deel. Alle verslae sal op ‘n vertroulike wyse hanteer word.
4. Leerders wat meer as twee jaar ouer is as die gemiddelde ouderdom van die graad waarvoor aansoek gedoen word, sal nie oorweeg word vir toelating nie.
5. **Die volgende bepaling geld spesifiek vir leerders wat aansoek doen tot toelating in Graad 1.** Die voltooiing van ‘n leerder se Graad R-jaar by een van die ***Midstream Pre-Primêre skole*** (dws die ***Pre-Primêre Skole*** geleë by ***Midstream College***, of ***Midstream Ridge*** of ***Midlands***) word gesien as voldoening aan die vereistes van die SA Skole Wet se bepaling rondom toelating tot Graad 1 en is in lyn met die visie vir skole in Midstream. Leerders wat hul Graad R-jaar by een van die ***Midstream Pre-Primêre Skole*** voltooi het, sal eerste getoets word en voorkeur geniet tydens plasing in Graad 1 in ***Laerskool Midstream College Primary/Laerskool Midstream Ridge Primary***.

6. Van alle leerders wat fisies geskik is, sal verwag word om vanaf Graad 1 aan ten minste een somer- en een wintersport, wat by die betrokke skool aangebied word, deel te neem.
7. Die nie-rentegewende deposito van **R10 000** kan oorgedra word na ***Midstream College Hoërskool*** indien die leerder daar toegelaat sou word, en is slegs terugbetaalbaar wanneer die leerder die skool sou verlaat aan die **einde** van 'n volle skooljaar met dien verstande dat 'n kwar-taal kennis gegee word.
8. Wanneer 'n kind ingeskryf word, word elke ouer of voog verbind om hom/haar te onderwerp aan die besluite van die Hoof rakende die skoolorganisasie en -dissipline.
9. Die gedragskode van ***Laerskool Midstream College Primary/Laerskool Midstream Ridge Primary*** is aanvaar en onderskryf.
10. Daar word van leerders verwag om alle offisiële skooldae by te woon, insluitende spesiale dae en aande wat deur die skool as verpligtend beskou word 4.
11. Indien 'n leerder as gevolg van siekte of enige ander rede afwesig is vir 'n kwartaal of gedeelte van 'n kwartaal, is die ouer of voog nogtans verplig om die fooie vir die termyn te betaal en is ook nie geregtig op 'n terugbetaling van enige gelde nie.
12. Skoolfooie is vooruitbetaalbaar en rekeninge moet ten volle vereffen word teen die 7de van die daaropvolgende maand. Indien die fooie nie soos genoem betaal word nie, sal die leerder nie toegelaat word om die daaropvolgende maand die skool by te woon nie. Rente sal gehef word vir rekeninge wat agterstallig is. Verder sal uitgawes vir individuele onderrig/afrigting/opleiding, soos deur die ouer(s) of voog(de) aangevra, teen die leerder se rekening gehef word.
13. Ek/Ons gee toestemming dat my/ons kind mag deelneem aan alle skoolaktiwiteite, wat die volgende insluit: Sport, Kultuur, Toere/Uitstappies, Pretaktiweite en mag gebruik maak van vervoer na en van die aktiwiteite.
14. Ek/Ons aanvaar dat redelike voorsorg getref sal word ten opsigte van beveiliging van my/ons kind en vrywaar hiermee ***Laerskool Midstream College Primary/Laerskool Midstream Ridge Primary*** teen enige eis vir enige besering, siekte of verlies wat genoemde kind mag opdoen/ondervind gedurende bogenoemde aktiwiteite.

15. Ek/Ons neem hiermee kennis van en gee toestemming vir die volgende:
    - Dat persoonlike inligting van ouers en leerders in digitale of hardekopie-formaat gehou word en slegs verwerk sal word vir spesifieke en wettige redes wat verband hou met die funksies of aktiwiteite van die skool. Ouers en leerders het die reg op toegang tot, en die reg om persoonlike inligting wat aangevra is, reg te stel.
    - Toestemming word gegee dat persoonlike inligting behou mag word vir 'n tydperk soos nodig geag deur die skool en gebruik mag word vir kommunikasie-, advertensie-, bemarkings-, historiese, statistiese of navorsingsdoeleindes.
    - Ek/Ons gee toestemming dat foto's van my kind geneem mag word en vir publikasiedoeleindes vir die skool gebruik mag word, insluitend, maar nie beperk nie, tot die gedrukte, digitale en sosiale media.
    - Toestemming word gegee om direkte bemarking van skoolverwante goedere en dienste te ontvang deur middel van elektroniese kommunikasie, insluitend maar nie beperk nie, tot e-pos, sms en *Whatsapp* en *Edana* applikasie.

**BELANGRIK**

- Indien ouers van voorneme is om 'n leerder uit ***Laerskool Midstream College Primary/Laerskool Midstream Ridge Primary*** te onttrek, **MOET** hulle een volle kwartaal kennis gee.
- Skoolgeld is oor elf maande betaalbaar vir graad 1 tot graad 7 leerders. 'n Leerder wat na Februarie toegelaat word, sal derhalwe ook gehef word vir skoolfooie in Desember.

**Deur die aanlyn aansoek te voltooi en in te dien, stem u in tot die bogenoemde voorwaardes.**